

**Die nageslag van  
Naas en Maria  
SNYMAN  
van The Oaks**

**Jan H. Langenhoven**



Naas en Maria Snyman van The Oaks in die Biggarsberg  
wie se sewe kinders en hulle nageslag in hierdie dokument opgeteken is.

[Ignatius Michael Snyman \* 11.06.1845 † 11.12.1911 en  
Maria Aletta Magdalena Bester \* 15.01.1853 † 29.3.1944]

*[Foto: Miem Döhne]*

**Die nageslag van  
Naas en Maria  
SNYMAN  
van The Oaks**

**Jan H. Langenhoven**

**Witsand**

**2020**

Privaat uitgegee deur die skrywer:

Posbus 71

WITSAND

6666

e-pos: jan@langenhoven.net

[www.langenhoven.net](http://www.langenhoven.net)

Eerste uitgawe 2020

Bladuitleg: Jan H Langenhoven

Die outeursreg bly dié van die skrywer. Toestemming word egter verleen dat kopieë van die boek gratis van die internet afgelaai word vir privaat gebruik en 'n gedrukte kopie mag daarvan gemaak word. Geen kopieë, hetsy elektronies of in 'n gedrukte vorm, mag egter verkoop word sonder die skriftelike verlof van die skrywer nie.

'n Hoëresolusie-PDF, wat geskik is om 'n goeie gedrukte weergawe te lewer, kan afgelaai word van die webtuiste [www.langenhoven.net](http://www.langenhoven.net).

#### **Boeke deur die skrywer:**

*Die Familie Langenhoven (1982)*

*Die Cronjés van die Biggarsberg (1988)*

*Gooi los! Die vissermanne van Witsand en Port Beaufort (2012)*

*Die Langenhovens van Diamant (2013)*

*Pieter Matthys Fourie (1827 - 1898). 'n Register van sy nasate (2018)*

*Witsand Terugreis (2019)*

*Witsand Terugblik (2019)*

# Voorwoord

---

“Bloed is dikker as water”. So sê hulle, né. Maar, as ma en vrou het ek agtergekom bloed kleef eintlik. En vlek. As jy dit wil uitwas, moet jy soms gryp na sterker bleikmiddels.

En, dit is hoe dit is met familie. Selfs as jy wil vlug, bly familie aan jou kleef. Genadiglik word mens ouer en vervaag hartseer en pyn en ontdek jy – hopelik! – die waarde van wie jy is en waar jy vandaan kom. En dan bly die totale vreugde van deel wees van 'n groter groep.

My reis het begin by ouma Miny, my pa se ma. Pappa het nooit van haar gepraat nie. Dit was baie later wat Mamma my vertel het sy het vir Oupa en hulle drie klein kindertjies alleen agtergelaat op 'n plaas diep in die voue van die Drakensberge. Om agter 'n man aan te loop. En daarna selfs nog ander mans!

En toe ek afkom op die storie van Groot Catrijn, die Snymans se oer-oumagrootjie wat al die pad uit Indië SA toe verban is oor sy haar man vermoor het, het my entoesiasme gebruik. Dink net, al dié opwindende bloed van die twee vroue vloei deur MY are.

Dankie, Jan dat jy hierdie reis vir ons bymekaar gebring het. Ek kan slegs verslae staan in jou toegewydheid en insig. Dankie vir jou harde werk. Nou kan ek dit tasbaar aan my kinders oorgee en hoop dit lê op hulle boekrakke totdat hulle oud genoeg is om dit te waardeer. Waar hulle ook al op die aarde heen geswerf het.

Elizabeth (Elisia) maar eintlik sommer net Nooi Snyman. Wat later eers Strydom geword het maar altyd 'n Snyman sal bly!

**Elisia Strydom-Snyman  
Königsbronn  
Duitsland**

## Agtergrond en Dankwoord

Hierdie klein publikasie fokus slegs op 'n enkele Snyman-egpaar (in die sesde geslag vanaf die stamvader) en hul nageslag. Ter inleiding word daar wel 'n kort oorsig oor die stamvader gegee en die stamlyn word deurgetrek tot by hierdie tak van die Snymans. Die bedoeling was om 'n genealogie saam te stel en nie 'n familiegeschiedenis nie. Dit sal egter wonderlik wees as een van die nasate geïnspireer kon word om die Nataliese argiefbronne te gaan deurwerk om die voetspoor van hierdie kleurryke familie te volg en 'n familiegeschiedenis te boekstaaf.

Baie dankie aan elkeen wat inligting of foto's verskaf en gehelp het om die Snyman-legkaart te bou. In die Bronnelys agter in die boek is 'n lys van name van korrespondente en informante wat almal 'n bydrae gemaak het om hierdie genealogie te voltooi. Verder is ook by elke foto erkenning gegee aan die persoon wat dit gestuur het of van wie se facebook dit verkry is. Dankie aan die familie wat my vriendelik ontvang en toegelaat het om foto's uit hulle albums te skandeer. Twee korrespondente verdien 'n spesiale dankwoord omdat hulle bydrae buitengewoon groot was en veel tyd en moeite gev verg het, naamlik Elisia Strydom-Snyman (vir die Coenraad Snyman-tak) en Igna Mollentze-Maritz (vir die Kittie Maritz-tak). Sonder hulle omvattende hulp sou dit dalk onmoontlik gewees het om die inligting en foto's te bekom.

**Jan Langenhoven  
Witsand**

# Familiewapen

---



## BESKRYWING:

**Wapen:** In rooi 'n geboë beklede arm wat uit die linker skildrand kom en 'n regopgeplaaste sekel vashou, alles in goud.

**Helmteken:** Die figuur uit die skild.

**Dekklede:** Rooi en goud.

(Dit is 'n vereenvoudigde weergawe van die wapen wat sedert 1945 gebruik word.)

**Betekenis van Snyman:** Waarskynlik kleremaker.

Bron: *Die groot Afrikaanse familienaamboek* van Cor Pama.

# Inhoudsopgawe

---

Voorwoord .....	iii
Agtergrond en dankwoord.....	iii
Familiewapen .....	iv
Inhoudsopgawe .....	v
Kwartierstaat / Simbole en afkortings .....	vi
<i>Kwartierstaat van die takouers se kinders</i> .....	vii
Die voorgeslagte.....	1
Die Snyman-stamvader.....	1
Van die stamvader tot die Groot Trek.....	2
<i>Skema: Opeenvolgende geslagte vanaf die stamvader</i> .....	3
Coenraad Snyman by Bloedrivier.....	5
Huwelike met ander Voortrekkernestate .....	6
Van Uitzicht (Weenen) na The Oaks (Ladysmith) .....	6
Die lotgevalle van Oumagroot en haar kinders .....	7
Die takouers: Naas en Maria Snyman.....	12
<i>Skema: Die kinders en kleinkinders van die takouers</i> .....	13
g1 Maggie Snyman (x Cronjé) .....	15
g2 Coen Snyman (x Boshoff xx Van Niekerk) .....	27
g3 Kittie Snyman (x Maritz) .....	43
g4 Maraai Snyman (x Müller) .....	53
g5 Nettie Snyman (x Buys xx Kritzinger) .....	65
g6 Cecilia Snyman.....	65
g7 Paul Snyman (x Koch) .....	67
Bronnelys .....	76

# Kwartierstaat

---

'n Kwartierstaat of voorgeslagstaat (*pedigree, Ahnentafel*) bestaan uit die voorgeslagte van 'n persoon, manlik sowel as vroulik. Dit is uitsluitlik gebaseer op die ouer-kind-verwantskap en die uitgebreide familie soos neefs, niggies, ooms en tantes word nie ingesluit nie. Die aantal voorouers van 'n individu verdubbel van een geslag tot die vorige.<sup>1</sup>

Die kwartierstaat hiernaas is opgestel vir die kinders van oupa- en oumagroot Naas en Maria Snyman. So kan die voorgeslagte aan die Snyman- en die Bester-kant gesien word.

Een van die aspekte van afstamming wat hiermee aan die lig kom, is die hoeveelheid Nederlandse, Duitse, Franse en ander bloed wat in 'n persoon se are vloei. Dit is veral vir Afrikanerfamilies dikwels interessant. In die kwartierstaat van die Snyman-kinders hiernaas word sewe vanne van Nederlandse oorsprong aangetref: Van Rooyen, Van Rensburg, De Klerk, Van Heerden, Oosthuizen, Bezuidenhout, Van der Merwe; ses van Duitse oorsprong: Rautenbach, Schutte, Bester, Venter, Botha, Snyman oftewel Schneider; en drie van Franse oorsprong: Meyer, Nel en Du Plessis. Hulle is toegeken volgens die klassifikasie van Cor Pama.<sup>2</sup>

Hierdie kwartierstaat is opgestel met inligting soos opgeteken in die omvattende *Suid-Afrikaanse Geslagsregisters* (SAG) en aangevul met inligting wat van die webtuiste *Geni.com* verkry is en ook eie navorsing.

## SIMBOLE EN AFKORTINGS wat in hierdie publikasie gebruik is:


*	gebore
≈	gedoop
†	oorlede
Ω	begrawe
x	getroud
xx	tweede keer getroud
xxx	derde huwelik
÷	geskei
d.v.	dogter van
s.v.	seun van
k.	kind of kinders
s.	seun of seuns
d.	dogter of dogters
¤	een van 'n tweeling
Δ	aangeneem
ca.	circa, ongeveer.

<sup>1</sup> Wood, Elmien. 2019. 'n Genealogiese analise van 'n enkele familie as verteenwoordiging van 'n kultuurgroep: 'n ondersoek na nuwe perspektiewe.

<sup>2</sup> Pama, Cor. 1983. *Die groot Afrikaanse familienaamboek*.

**KWARTIERSTAAT VAN DIE TAKOUERS SE KINDERS**

MEYER Adriana Josina ≈ 24.3.1771 † 2.5.1838	Hester Germina RAUTENBACH ≈ 27.3.1795 † 1831	Margaretha Susanna VAN ROOYEN * 11.5.1826	Maria Aletta Magdalena BESTER * 15.1.1853 † 29.3.1944
RAUTENBACH Ignatius Leopoldus * 9.5.1766 † 11.10.1814	Christiaan Stephanus VAN ROOYEN ≈ 10.4.1791 † 10.5.1839		
SCHUTTE Johanna Elizabeth ≈ 19.2.1769 † Aug 1951	Johanna Helena NEL ≈ 21.4.1799 † ca. 1852	Paul Michiel BESTER * 16.9.1822 † 10.1.1883	
VAN RENSBURG Maria Aletta ≈ 25.12.1768	Theunis Christiaan BESTER ≈ 26.11.1797 † 2.12.1874		
NEL Adriaan ≈ 18.12.1763	Aletta Elizabeth Dorothea VAN HEERDEN ≈ 16.2.1795 † 12.12.1851	Catharina Maria DU PLESSIS * 5.7.1815 † 1.1.1880	
DE KLERK Hilletje Levina ≈ ca. 1771	Ignatius Michiel DU PLESSIS ≈ 10.8.1794		
BESTER Paulus Michiel ≈ 7.9.1766 † 16.5.1832	Petronella Wilhelmina BEZUIDENHOUT ≈ 23.9.1781 † 22.10.1853	Coenraad Frederik Willem Johannes SNYMAN * 6.12.1813 † 1877	
VENTER Elisabeth Jacomina (Sophia) * ca. 1770			
VAN HEERDEN Carel ≈ 2.3.1760			
BOTHА Catharina Petronella ≈ 22.11.1750			
DU PLESSIS Jan ≈ 7.9.1732 † 1796			
Anna Magdalena Wilhelmina OOSTHUIZEN ≈ 9.10.1757 † 1779			Ignatius Michiel SNYMAN * 11.6.1845 † 11.12.1911
Coenraad Frederik BEZUIDENHOUT ≈ 26.1.1749 † 1810			Maggie * 1871, Coen * 1873, Kitty * 1876, Maria * 1879, Nettie * 1883, Paul * 1885
VAN DER MERWE Anna Sophia ≈ 14.9.1732 † 21.8.1770	Willem SNYMAN ≈ 9.4.1769		
SNYMAN Jacobus ≈ 25.5.1732 † 1771			



**Kaart van die Biggarsberg-streek: The Oaks het 'n rooi kring om. Die pad in rooi is die N11 tussen Newcastle en Ladysmith. Die please Mielietuinshoek, Hazeldean, Locksley Glade, Doornpoort, Springbok en ander, waar daar van die nageslag geboer het, kan ook op die kaart gesien word.**

[Topokadastrale kaart 2828 Harrismith (1980): Hoofdirektoraat Geo-ruimtelike inligting, Dept. Landelike ontwikkeling en grondhervorming. Staatskopiereg word erken.]

# Die voorgeslagte

## Die Snyman-stamvader

Die gesaghebbende Suid-Afrikaanse Geslagsregisters (SAG, deel 11) gee Christoffel Snyman aan as die stamvader van die familie. Hy het in die huwelik getree met Marguerite-Therese de Savoye wat saam met haar ouers as Franse Hugenote in die land aangekom het. Christoffel en Marguerite-Therese het nege kinders gehad.

Dit is egter die buitengewone verhaal van Christoffel se pa en ma wat die nageslag fassineer. Dit is deeglik nagevors deur George Upham en in die 1990's in 'n vaktydskrif vir genealogie gepubliseer. Die verhaal wat volg, is hoofsaaklik op Upham se navorsing gebaseer.<sup>3</sup> Christoffel was naamlik die buiteegtelike kind van 'n man genaamd Hans Christoffel (Christoph) Snijder (Schneider/Snijman). Sy van word in verskillende dokumente verskillend aangegee. Snijder sou die Nederlandse vorm van die Duitse Schneider wees en Snijman seker 'n variant daarvan.

Hans Christoffel, het voor 1665 as soldaat vanaf Heidelberg, Duitsland, in die Kaap aangekom en is in die Kamer van Rotterdam as soldaat aangeteken. Dit lyk of hy sedert sy aankoms aan die Kaap meermale met die gereg in botsing was. Hy is reeds in 1665 saam met 19 ander gevonnis tot drie maande harde arbeid op Robbeneiland nadat hulle as groep gedros en 'n man gyselaar gehou het omdat hulle ontevrede was met hul werksomstandighede. Maar na 1668 verdwyn Hans Christoffel se spoor en kon daar geen verdere rekord in die argief gevind kon word nie. Hy kon selfs teruggekeer het na Europa.<sup>4</sup>

Terwyl 'n waas van geheimsinnigheid oor Christoffel Snyman se vader hang, is daar oor sy moeder heelwat meer inligting. Sy was

bekend as Groote Catrijn en het in 1657 in die Kaap aangekom, nie as vrywillige immigrant nie, maar as 'n slavin vanaf Paliacatta wat lewenslank na die Kaap van Goeie Hoop verban is nadat sy haar minnaar, Claes van Mallebaerse, wat haar seksueel aangerand het in selfverdediging doodgemaak het. Sy is ter dood veroordeel, maar is toe deur goewerneur-generaal Joan Maetsuycker begenadig en uiteindelik na die Kaap gestuur om haar lewenslange vonnis as slavin en banneling uit te dien.

Die plek Paliacatta is in Indië, maar is nou bekend as Pulicat of Pazhaverkadu, sowat 60 km noord van Chennai. Dit val in die Indiese staat wat vroeër as Madras bekend was, maar sedert 1968 as Tamil Nadu. Upham skryf in sy artikel dat Groote Catrijn na alle waarskynlikheid 'n Tamil-sprekende Hindoe was, maar dan voeg hy by dat gegewe die kosmopolitiese aard van Pulicat en eeuve van transkontinentale kontak tussen mense wat in Pulicat handel gedryf het, ons nooit sekerheid sal hê oor haar rasse- en kulturele samestelling nie.

Groote Catrijn se lewensloop aan die Kaap is ook 'n aangrypende verhaal. Sy raak eers swanger deur die hoof van die garnisoen Pieter Everaerts en daarna deur 'n onhebbelike soldaat Hans Christoffel Snijder (Schneider/Snijman). Sy neem die Christelike geloof aan en word as volwassene gedoopt op 29 April 1668 en bring daarna ook haar kinders ten doop. Sy tree later in die huwelik met 'n vryswarte, Anthonij van Bengale.

Hans Christoffel Snijman was in diens van die VOC as soldaat en moes wagstaan by die fort waar Groote Catrijn 'n wasvrou was en binnekant die fort 'n slaapkwartier gehad het. Sy nagtelike eskapades in die fort het op 30

<sup>3</sup> Upham, Mansell George. 1994. "In Hevigen Woede..." (Deel I: Groote Catrijn). *Capensis, Kwartaalblad van die Wes-Kaapse tak van die Genealogiese Genootskap van Suid-Afrika*, 3/97 (September 1994) en Deel II: Christoffel Snijman, *Capensis*, 4/97 (November 1997).


<sup>4</sup> Die bekende boek van Hans Heese, *Groep sonder Grense* (1984, Universiteit van Wes-Kaapland) oor gemengde huwelike aan die Kaap is dus verkeerd waar dit aanvoer (p. 6) dat Christoffel Snyman se vader Antony van Bengale was. Hy het in werklikheid Christoffel se stiefpa geword toe hy later met Christoffel se moeder getroud is.

Julie 1667 tot sy skuldigbevinding gelei omdat hy sy wagpos verlaat het om *te slapen sith ten woonplaets van sekere bekende swarte meijt*. Hy is gevonnis tot lyfstraf en verbanning na Robbeneiland vir twee jaar. Intussen sit Groote Catrijn met 'n swangerskap. Op 9 Maart 1669 word die seuntjie, Christoffel, wat uit hierdie verbintenis in 'n slawelosie gebore is, gedoop en na sy vader vernoem. Sy vaderskap was dus geen geheim nie en Christoffel gebruik dan ook deur sy hele lewe sy vader se van wat hy as Snijman opgee en word in die boeke van die gemeente Drakenstein met haar Franse predikant, Pierre Simond, op 'n Franse manier as Senaymant (of Senayement) aangetref.

Toe Catrijn in die huwelik wou tree, is haar vonnis volledig opgehef en het sy as vrygestelde slaaf op 20 Desember 1671 met die vryswarte Anthonij Jansz van Bengale (soms verwarr met 'n ander individu bekend as Anthonij de Later van Bengale (of "van Japan") getrou. Haar jong Snyman-kind het nou onder toesig van die kinderlose Antonij grootgeword.

Iets ernstig moes in 1682 met die gesin gebeur het. Almal buiten die veertienjarige Christoffel is oorlede en daar word gegis dat hulle een of ander ernstige siekte soos pokke kon opgedoen het. So het Christoffel opeens sy hele gesin verloor en is hy in 'n ander huishouding opgeneem waar hy opgegroei en sy opvoeding ontvang het.

Christoffel se stiefpa, Antonij van Bengale, het eiendomme besit en skape gekoop en toe hy oorlede is, was daar in sy boedel genoeg geld vir die verdere opvoeding van Christoffel Snijman in *lesen, schrijven en te leeren* wat 'n verklaring bied vir die vlak van geleterdheid waarvan Christoffel se flambojante handtekening getuig.



[Bron: Upham se artikel, voetnoot 3 hierboven]

In 'n ander oorsig<sup>5</sup> oor die Snyman-stamvader as dié van Upham word die moontlikheid

geopper dat die jong Christoffel na sy ouers se dood deur sy peetma, Mooij Ansela en haar eggenoot Arnoldus Willem Basson, versorg is. Mooij Ansela was nie net 'n jare lange persoonlike vriendin van Groote Catrijn nie, maar die Bassons was welaf en het plase in die Drakensteinvallei besit wat grens aan die plaas Zandvliet (tans bekend as Solms-Delta) wat aan Jacques de Savoye, die toekomstige skoonpa van Christoffel Snijman, behoort het.

Op 'n manier het daar uit die tragiese dood van Christoffel se ma en stiefpa vir hom uiteindelik gunstige gevolge gespruit toe sy pleegouers hom 'n behoorlike skoolopleiding laat ontvang en hom duidelik tot 'n welopgevoede en welaangepaste jongman laat opgroei het. Sy opvoeding het ongetwyfeld daartoe bygedra dat hy as twintigjarige met 'n Hugenote-dogter getrou het. Veral omdat daar aanduidings was dat sy skoonvader allerlei vooroordele teen vryswartes gehad het, maar dat die huwelik van Christoffel Snijman met sy dogter klaarblyklik sy goedkeuring weggedra het. Dit was ongetwyfeld bepalend vir sy toekoms en vir die status van die Snyman-familie waarvan hy die stamvader geword het. In dit alles sal sy gelowige nageslag ook die liefdevolle hand van die Hemelse Vader herken.


Ten spyte van Christoffel Snijman se ongewone stamboek het sy huwelik met die Hugenote-dogter die Snyman-familie midde in die smeltkroes geplaas waaruit 'n groot Afrikaner-familie sou voortspruit.

## Van die stamvader tot die Groot Trek

In hierdie genealogie kom nie al die geslagte wat op die stamvader, Christoffel Snyman, volg onder die vergrootglas nie, maar daar kan 'n paar algemene opmerkings oor hulle gemaak word. Die stamvader het op Zandvliet geboer. Die plaas is geleë op die Simondiumpad (R45) tussen die Paarl en Franschhoek en is nou bekend as Solms-Delta en daar is 'n interessante museum op die plaas. Christoffel het nege kinders gehad. Hulle is meesal in die gemeente Kaapstad of Drakenstein (Paarl) gedoop.

<sup>5</sup> Capeinfo Admin. [Aanlyn] Myths, legends & old-folks' stories. A mother of the nation – Groote Catrijn and the Snyman family.

## SKEMA: Opeenvolgende geslagte vanaf die stamvader tot by Ignatius en sy kinders.



Sy seun Philippus Snyman (die sewende kind) is die een wat in ons stamlyn gevind word. Hy was ook 'n burger van die Drakenstein en het al vier sy kinders in die Drakenstein-gemeente gedoop. Sy jongste seun, Jacobus Snyman, was die volgende een in ons stamlyn en hy het tien kinders gehad. 'n Paar van hulle is ook in Drakenstein gedoop, maar die meeste in Tulbagh, wat heel waarskynlik daarop dui dat hy hom op Tulbagh gaan vestig het. Jacobus se tweede jongste seun, Willem, het volgens die doopregister van die gemeente op Graaf-Reinet die meeste van sy agt kinders daar gedoop. Hy moes dus na die Oos-Kaap uitgewyk het vanwaar die Groot Trek so vroeg as 1835 begin het. Dit was Willem se seun Coenraad Frederik Wilhelmus Johannes (geb. 1813) wat besluit het om ook te trek. Coenraad was maar in sy twintigerjare toe hy by die Groot Trek aangesluit het.

Hy is in 1832 op negentienjarige ouderdom in Cradock getroud. Anna, sy oudste kind, is op 27.5.1833 gebore en Petronella, sy tweede, op 1.4.1835 te Bruintjieshoogte, Cradock. Die derde, Willem, is ook te Cradock gebore op 22.2.1837. Catharina was die eerste kind wat in Natal gebore is op 4.8.1839. Indien Coenraad Snyman saam met een van die bekende trekgeselskappe die Kolonie verlaat het, sou dit nie saam met Gerrit Maritz gewees het nie omdat hy in September 1836 uit Graaf-Reinet weg is terwyl Coenraad se seuntjie Willem eers in Februarie 1837 op Cradock gebore is. Piet Retief se trek het huis in Februarie 1837 uit die omgewing van die Winterberge (naby Cradock) vertrek en dit lyk meer aanneemlik dat dit die groep sou wees by wie Coenraad Snyman en sy jong gesinnetjie kon aangesluit het.



**Coenraad Frederik Willem Johannes Snyman**  
\* 6.12.1813 en Catharina Maria du Plessis  
\* 5.7.1815, die ouers van Ignatius Michiel  
Snyman \* 11.6.1845.

[Foto: uMsunduzi Museum, Pietermaritzburg]



**Paul Michiel Bester** \* 16.9.1822 en **Margaretha Susanna van Rooyen** \* 11.5.1826, die ouers van  
**Maria Aletta Magdalena Bester** \* 15.1.1853.

[Foto: Bloedrivierse Eeufees-gedenkboek, bl. 70]



**Die groot broek van die Voortrekker Coenraad Snyman soos wat dit uitgestal word in die uMsunduzi (vroeër Voortrekker-) Museum.**  
[Foto: uMsunduzi Museum, Pietermaritzburg]



**Arnold Strydom en sy kinders by Coenraad Snyman se broek in die museum. Die kinders is afstammelinge van Coenraad, sien bladsy 35.** [Foto: Elisia Strydom]

## Coenraad by Bloedrivier

Die verhaal van die Groot Trek is deeglik opgeteken en dit is onnodig om hier weer die storie te vertel. Die Slag van Bloedrivier was waarskynlik die een enkele deurslaggewende gebeurtenis in die Trekkergeskiedenis wat bepalend was vir hul strewe na 'n eie grondgebied en selfbeskikking. Die gelofte wat afgelê en die verbysterende oorwinning wat oor die geweldige oormag Zoeloës behaal is, het daarom 'n spesiale betekenis vir Afrikaners verkry. Dit het egter ook vir ons tak van die Snyman-familie betekenis, want volgens die Bloedrivierse Eeu feesboek was daar twee Snymans op 16 Desember 1838 in die laer tydens geveg, naamlik Coenraad F.W. Snyman en J.H. Snyman. Die identiteit van laasgenoemde kon nie bepaal word nie, maar Coenraad F.W. was inderdaad die vader van Ignatius Michiel Snyman, wat die fokus van hierdie genealogie is.

Coenraad was glo 'n groot en lywige man. Hy was glo selfs te swaar om perd te ry en daar word vertel dat hy by Bloedrivier nie aan die einde van die veldslag met die perdekommmando die laer kon verlaat om die Zoeloe-impi van die flanke af aan te val nie, maar dat hy die kanon binne die laer beman het.<sup>6</sup> In die Voortrekker museum in Pietermaritzburg word sy broek uitgestal (sien

foto hiernaas) en die uitsonderlike grootte daarvan getuig van Coenraad se groot liggaaam.

Dit wil voorkom asof Coenraad en sy gesin hulle ná Bloedrivier op die plaas Rietvlei (of Rietvallei) sowat 10 km vanaf die hedendaagse Winterton gaan vestig het, want dis waar hy en sy eggenote begrawe lê. Die naaste nedersetting in die laat 1800's was Estcourt. As hulle voor Winterton eers elders gewoon het, het dit nie tydens hierdie ondersoek aan die lig gekom nie. In die ou plaaskerkhof op Rietvlei is daar verskeie grafte (kliphopies) en drie het nog stene op, naamlik dié van Coenraad (oorlede 1877), sy vrou Catharina (oorlede 1880) en hulle seun Jacobus Wilhelmus (oorlede 1898). Die stokou grafstene is reeds erg verweer, maar op die foto's wat in Oktober 2019 afgeneem is,<sup>7</sup> kan name en gedeeltes van datums nog redelik goed gelees word. Op Coenraad se graf staan uitdruklik "gestorven op de plaats Reitvaly" (sic) wat kennelik daarop dui dat hy die eienaar was en daar gevestig het. Sy jongste kind is in 1854 op Ladysmith gedoop in die jaar toe daardie gemeente tot stand gekom het en dit toe die naaste gemeente aan Rietvlei was. Dalk het sy jongste seun, Jacobus, ook daar geboer aangesien hy sowat 20 jaar na sy vader ook daar begrawe



**Die verweerde grafstene van Coenraad Snyman en sy eggenote op Rietvlei naby Winterton.**  
[Foto's Reinhardt Hartzenberg op eggsha.co.za ]

<sup>6</sup> Henning, Elrica, e-pos 31.7.2020 aan Elisia Strydom, uMsunduzi Museum, Pietermaritzburg.

<sup>7</sup> Dit kan gesien word by eggsha-at-graves.org ("Gravestones in SA"), afgeneem deur Reinhardt Hartzenberg.

is. Die plaas Rietvlei, Winterton, lê ongeveer net so ver suid van Ladysmith as wat The Oaks noord van Ladysmith geleë is, om en by 40 km. The Oaks is waar sy seun Ignatius, ons grootoupa, hom later sou vestig.

## Huwelike met ander Voortrek-kernasate

Dit is interessant dat talle van die Voortrekkers wat in die laer by Bloedrivier geveg het hulle uiteindelik in Noord-Natal as boere gevestig het. So het die Bloedrivier-veterane se kinders dan ook in die Noord-Nataalse platteland geboer en soms met ander Voortrekkerkinders in die huwelik getree. Dit was dan ook die geval met die egpaar wie se nasate in hierdie publikasie opgeteken is. Ignatius Michiel se vrou, Maria Aletta Magdalena Bester, se vader, Paul Michiel Bester, was as jongeling ook in die laer by Bloedrivier.

Die Voortrekker- en Bloedrivier-verbintenis van hierdie familie strek egter verder as net die ouers van die grootjies, Naas en Maria. Hulle oudste dogter, Maggie, het getrou met Hermaans Cronjé wie se vader, Abraham Marthinus, ook in die laer by Bloedrivier was. Die tweede kind, Coenraad, se eerste vrou was Miny Boshoff en dit is hoogs waarskynlik dat sy ook uit die Voortrekker-Boshoffs stam. Sy tweede vrou, Bettie Cronjé, se pa was 'n broer van bogenoemde Hermaans Cronjé en Bettie se oupa was dus die einste Abraham Marthinus Cronjé wat in die laer by Bloedrivier was. Die derde kind, Kittie Snyman, was getroud met Gert Maritz, 'n agterkleinseun en naamgenoot van die baie bekende Voortrekkerleier, Gerrit Maritz. Die vierde kind, Maraai, was getroud met Lewies Muller, ook 'n kleinseun van 'n Voortrekker. Die vyfde kind, Nettie, was eers getroud met Christoffel Buys en daarna met Johnnie Kritzinger, waarvan minstens Johnnie uit die Voortrekker-Kritzingers stam. Die jongste kind, Paul Snyman, was getroud met 'n Koch, maar die Koch-voorsate se name ontbreek sodat 'n verbintenis met die Voortrekker-Kochs nie aangetoon kan word nie.

## Van Uitzicht (Weenen) na The Oaks (Ladysmith)

Dit is duidelik dat grootoupa Naas en sy gesin nie van die begin af op The Oaks geboer het nie, want dan sou hy sy kinders in die Ladysmith-gemeente (gestig 1854) laat doop het, maar sy kinders is in Weenen (gestig in 1859) gedoop, vanaf Maggie, die oudste, in 1871 tot by Paul, die jongste, in 1885. Dit is bekend dat Maggie en haar jonger suster Kittie op die plaas Uitzicht, distrik Weenen, gebore is. Daarom kan aanvaar word dat dit die naam van die plaas was waarop grootoupa Naas geboer het en dat al sewe sy kinders waarskynlik op Uitzicht gebore is.

Daar is getuienis dat hulle tot na die Vryheidsoorlog (1899-1902) naby Weenen gevestig was, want in die oorlogsjare het hulle oudste dogter, Maggie (Cronjé), volgens oorlewering Weenen toe gegaan om by haar ma te gaan woon omdat haar eggenoot, Hermaans Cronjé, wat op Mielietuinshoek, distrik Ladysmith, geboer het, in hegtenis geneem en tronk toe is vir hoogverraad nadat hy, as Nataller en Britse onderdaan, die boeremagte behulpsaam was teen die kakies.

Die rede waarom grootoupa Ignatius die plaas The Oaks in die Biggarsberg gekoop het, het ongelukkig nou in die vergetelheid verwyn. As dit dan eers na afloop van die Vryheidsoorlog gebeur het, waarvan daar sterk aanduidings is, was Oupagroot (geb. 1845) reeds in sy laat vyftigerjare en om op daardie ouderdom 'n nuwe begin op 'n ander plaas te gaan maak, kon nie maklik gewees het nie. Dalk het hy gevoel dat The Oaks veel beter boerderypotensiaal gehad het as Uitzicht by Weenen. Sy seuns wat in 1902, toe die oorlog verby is, onderskeidelik 29 en 17 jaar oud was, sou spoedig die boerdery kon oorneem. Oupagroot is in 1911 oorlede. Sy oudste seun, Coenraad, het in 1904 in die huwelik getree en Paul eers 'n paar jaar na sy pa se dood.

## **Lotgevalle van Oumagroot en haar kinders**

Toe oupagroot Ignatius in 1911 op 66 oorlede is, het hy 'n 58-jarige weduwee agtergelaat en sy het op die plaas aangebly en sou daarna nog lank die matriarg van The Oaks wees. Die familie het haar mettertyd "Oumagroot" begin noem omdat haar dogters toe reeds self oumas van kleinkinders geword het. Die noemnaam Oumagroot word daarom ook hier gebruik al is sy vir baie van ons reeds 'n oorgrootjie.

Daar word vertel dat sy op haar oudag nogal 'n moeilike ou tannie was; eiewillig, onvergenoegd en soms onbeleefd, veral teenoor aangetrooude familie. Haar kleindogter sê in Oumagroot se oë was net die Snymans intel en sy het neergesien op haar skoondogters of haar kleinseuns se eggenotes. Gevolglik was party familie nie geneë om na haar om te sien toe sy versorging nodig gehad het nie.<sup>8</sup> Oumagroot het egter ook vir tye by haar dogters Maggie Cronjé op Mielietuinshoek en Maraai Müller op Hazeldean ingewoon. Sy kon dalk selfs soms Estcourt toe gegaan het waar die ander dogter, Kittie Maritz, was. Sy het algaande moeiliker geloop en was later in 'n rystoel. Oumagroot het 'n soort lyfbediende gehad, genaamd Das. Sy is glo gebore uit die verbintenis tussen 'n swart man en 'n bruin vrou en het op The Oaks grootgeword. Das het Oumagroot versorg en haar soos 'n skaduwee gevolg totdat sy op die ouderdom van 90 jaar op The Oaks oorlede is.

Oumagroot het vroeg in haar lewe 'n babadogtertjie aan die dood afgestaan asook haar dogter Nettie wat weliswaar twee maal getroud was, maar in 1921 volgens oorlewering aan die Spaanse griep, dood is. Buiten hulle twee het sy ook haar oudste seun, Coenraad (oorlede 1932), en haar oudste dogter, Maggie Cronjé (oorlede 1937), oorleef. En in dieselfde jaar toe Oumagroot oorlede is (Maart 1944), is ook haar dogter Maraai Müller 'n aantal maande later (Desember 1944) dood en het slegs Kittie Maritz op Ovington (Weenen) en haar seun Paul op Springbok (Dannhauser) oorgebly.



**Oumagroot M.A.M. Snyman by haar lyfbediende "Das".** [Foto: Boet Cronjé]



**Oumagroot Snyman (sittende) by haar oudste dogter, Maggie Cronjé, wat ook soms na haar bejaarde ma omgesien het.** [Foto: Herman Kritzinger]

<sup>8</sup> Harmse, Baby, telefoniese mededeling, 2020.

Die Snyman-familie was nie onbekend met die onverwagse dood van familielede en kindertjies nie. Daar is reeds verwys na die dood van Oupa- en Oumagroot se babatjie en hulle dogter Nettie, maar daar was byvoorbeeld ook die dood van klein Hilda Cronjé op vier jaar (moontlik lewerkanker), die skielike dood van oom Coenraad se enigste dogter, Aletta, 'n paar dae na hom, asook die tragiese dood van Louis Müller deur weerlig en van klein LJie Müller wat met sy fiets onder 'n vragmotor beland het, om 'n paar uit te sonder. Sulke gebeurtenisse laat ongetwyfeld 'n letsel in die hart van die ouers en ander naasbestaandes. Dit is egter opvallend dat die Christelike geloof wat in die harte van hul Voortrekker-voorsate geleef het, hulle ook deur al hierdie lewenskrisisse gedra het.

Dit is nie meer duidelik wat met The Oaks gebeur het na Oumagroot se dood nie. Trouens, die oudste familielede kan nie meer onthou wie die boerdery op die plaas behartig het in die dekades wat op grootoupa Ignatius se dood gevolg het nie. Aanvanklik sou sy seuns, Coenraad en Paul, seker daar geboer het, maar dit blyk egter dat daar spoedig ook ander plase in die Biggarsberg bygekoop is. Coenraad het hom op Locksley Glade gevestig en Paul op Springbok. Op navraag by die huidige eienaar van The Oaks en by boere van die omgewing blyk dit dat die Snymans The Oaks verkoop het. Daarna volg verskillende eienaars, onder andere die Twymans, Frank Mitchell-Innes, Alec en Gert Strachan en tans André Strydom en sy broer.<sup>9</sup>

Op amptelike dokumente uit die vroeë jare is die ligging van The Oaks beskryf as in die distrik Kliprivier (dit is die Ladysmith-distrik), maar dit is akkurater om dit vandag die distrik Wasbank te noem omdat dit die naaste dorpie aan die plaas is. Die plase waar die Snyman-kinders mettertyd gevestig het soos Mielietuinshoek (Maggie Cronjé), Locksley Glade (Coenraad) en Hazeldean (Maraai Müller) was almal binne 'n radius van 15 km vanaf The Oaks. Die plaas Springbok waar Paul geboer het, was seker sowat 20 km weg. Almal was dus binne vinnige bereik van Oumagroot op The Oaks. Die plaaskerkhof



**Oumagroot Snyman by haar dogters Maraai Muller en Kittie Maritz op Hazeldean.**

[Foto: Rita Langenhoven]



**Oumagroot Snyman by 'n onbekende dame.**

[Foto: Rita Langenhoven]

<sup>9</sup> Meintjes, Lucas; Strachan, Monica; en Strydom, André, telefoniese mededelings, November 2020.

op The Oaks is dan ook die plek waar nie slegs Oupagroot en Oumagroot se grafte is nie, maar daar is ook 'n hele aantal ander familiegrafte.

Alhoewel die Biggarsberg-streek eintlik 'n wêreld is wat goed is vir landbou- en veeboerdery, is daar verskeie redes waarom dit nie met almal ewe goed gegaan het nie. Grootoupa se kinders het byvoorbeeld te doen gehad met die depressiejare in die 1930's gevvolg deur die moeilike omstandighede tydens die Tweede Wêreldoorlog in die 1940's. Dit het party laat handdoek ingooi. Maar in die jare daarna, toe ekonomiese opbloei en tegnologiese vooruitgang die potensiaal van die streek werklik volledig ontsluit het, het party familielede werklik reusesukses in die Biggarsberg-streek behaal. Niemand het seker beter gevaar as oom Coenraad (g2) se kleinseun Coen (geb. 1934) (h1i2) nie. Hy is op 'n stadium bestempel as die grootste boer in Natal wat na bewering meer as 20 plase besit het. Hy sou 14 000 skape en baie beeste gehad het en het glo 3000 hektaar mielies geplant. Hy het talle plaasbestuurders gehad wat na sy verskillende boerderybelange omgesien het.

Maar die Snymans en hulle nasate boer vandag nie meer in daardie kontrei nie, buiten miskien vir Braam Cronjé op Mielietuinshoek en Willie Schoeman-Snyman en haar kinders in die Newcastle-distrik. Daar is nog van die nageslag in die dorpe van die omgewing, maar die meeste is lankal reeds ver verwyderd van hul beskeie wortels in die Biggarsberg; hulle moes ander loopbane volg en hulle talente het op uiteenlopende terreine tot volle ontplooiing gekom. Uit Oupagroot en Oumagroot se nageslag het daar predikante voortgekom, mediese dokters, doktore, prokureurs, onderwysers, ambagsmanne, sakemanne, skrywers en baie ander. Ook op sportgebied was daar uitsonderlike talent. Coen en Johanna Snyman het drie kinders gehad en al drie het Springbok- of Proteakleur verwerf, Naas in gymkana, Marinda in netbal en André was 'n formidabele Springboksentier. Chris Greaves het nasionale kleure vir Skotland in krieket verwerf.

Dis asof die diep vrugbare grond van The Oaks tog 'n boom laat uitspruit het wat

stadig gegroei het, maar uiteindelik in volle drag staan. Sou Oupa- en Oumagroot hulle nageslag vandag kon gadeslaan, sou hulle dalk moeilik woorde kon vind om hulle diepe dankbaarheid teenoor hulle Hemelse Vader uit te spreek. Ons, die nageslag, is ook dank verskuldig teenoor ons voorgeslagte vir hulle geloofskrag en deursettingsvermoë, maar veral teenoor die Here vir sy genadewerk in hulle en in ons lewens.



**Oupagroot Naas se grafsteen op The Oaks.**

[Foto: Elisia Strydom]



**Oumagroot se grafsteen op The Oaks.**

[Foto: Elisia Strydom]





**Volbladfoto links:** 'n Sonderlinge familiesaamtrek van hierdie Snyman-tak op die plaas Hazeldean van oom Lewies en tant Maraai Muller in 1938. Dit was waarskynlik 'n byeenkoms wat gereël is om die verjaarsdag van die bejaarde oumagroot Maria Snyman te vier wat toe reeds soveel verswak het dat sy in 'n rolstoel rondgestoot is. Dit is dalk die enigste foto waarop soveel lede van hierdie familie bymekaar was en waar ook die Maritze van Weenen kom kuier het. Dit is moontlik selfs die laaste keer dat baie van die neefs en niggies mekaar ooit gesien het. Dit kom uit die fotoalbum van Sannie Kritzinger wie se ma, Maggie Cronjé, die oudste dogter van Oumagroot Snyman was. Identifikasie is gedoen deur wyle Willem Kritzinger wat ander familie ook geraadpleeg het. (Die foto op bladsy 8 van Oumagroot by twee van haar dogters is klaarblyklik by dieselfde geleentheid geneem.)

[Foto: Willem Kritzinger]

#### IDENTIFIKASIE (Sien nommers op foto bo):

1. Louis Müller (Lewies) (getroud met 20)
  2. Johannes Kapp (skoonseun van 1)
  3. Gert Hendriks (getroud met 15)
  4. Abraham Cronjé (Fishaan) (getroud met 18)
  5. Jan Blignaut
  6. Coenie Muller (seun van 1)
  7. Willie Kritzinger (getroud met 23)
  8. Daniël Snyman (getroud met 9)
  9. Kate Snyman (geb Brooks)
  10. Mina Snyman (geb Cronjé)
  11. Naas Snyman (getroud met 10)
  12. Danie Blignaut (getroud met 13)
  13. Maraai Blignaut (geb Cronjé)
  14. Maraaitjie Kapp (geb Müller) (getroud met 2)
  15. Rita Hendriks (geb Cronjé)
  16. Maggie Blignaut (later Korthals)
  17. Maxie Cronjé (later Henderson)
  18. Hilda Cronjé (geb Goosen)
  19. Lettie Cronjé (later ook getr. met 'n Cronjé)
  20. Maraai Müller (geb Snyman)
  21. Maria Snyman (Oumagroot) (geb Bester)
  22. Kittie Maritz (geb Snyman) (ma van 22 en 23)
  23. Sannie Kritzinger (geb Cronjé) (broer van 4)
  24. Naomie (Omi) Maritz (geb van Rooyen)
  25. Naas Maritz (getroud met 24)
  26. Ina Blignault (later Guelpa)
  27. Coenie Snyman (seun van 8)
  28. Baby Snyman (later Harmse)
  29. Coenraad Snyman (broer van 28)
  30. Boet Cronjé
  31. Herman Kritzinger
  32. Rita Kritzinger (later Langenhoven)
  33. Willem Kritzinger
  34. ?
  35. Lettie Kapp (later Krügel)
  36. Mike Kapp
  37. ?
  38. ?
  39. Miem Blignault (later Döhne)
  40. Igna Katrina Maritz (oorlede in Jan. 1940.)
  41. Elomie Maritz (later Lourens)
- (Jaartal by benadering: 1938-1939)

# Die takouers: Naas en Maria Snyman

---



**Ignatius Michael Snyman (Naas) \* 11.6.1845 ~ Pietermaritzburg 17.8.1845 † 11.12.1911 en Maria Aletta Magdalena Bester (Maria) \* 15.1.1853 ~ Pietermaritzburg 15.5.1853 † 29.3.1944.**

Hierdie foto het as 'n groot geraamde portret in die huis van hulle dogter Maggie Cronjé op die plaas Mielietuinshoek gehang. Dit is deur wyle Boet Cronjé aan Skrywer geskenk.

Oupagroot Naas en oumagroot Maria is albei kinders van Voortrekkers wat in die laer was tydens die Slag van Bloedrivier.

Hulle is op 1.11.1869 in Weenen getroud en het oënskynlik op die plaas Uitzicht by Weenen gevestig. Daar is vir hulle twee seuns en vyf dogters gebore en hulle is almal in die gemeente Weenen gedoop.

Die gesin het vroeg in die twintigste eeu na die Biggarsberg-streek verhuis waar hulle die plaas The Oaks gekoop het. Daar is 'n reeks rantjies oos van The Oaks wat vandag steeds as die Biggarsberg bekend is, maar eintlik word die hele landelike streek rondom

Glencoe, Dundee en Wasbank reeds sedert die koloniale era die Biggarsberg genoem. Die Snyman-kinders het uiteindelik almal ook op plase in die Biggarsberg gevestig, buiten hulle dogter Kittie Maritz wat naby Estcourt gewoon het. Besonderhede hieroor is reeds hierbo verstrek.

Hierdie genealogie handel oor hulle en hul nageslag. Op die volgende bladsy word hulle sewe kinders en hul kleinkinders gelys sodat die leser met een oogopslag 'n oorsig oor hierdie Snymans kan kry. Daarna volg 'n gedetailleerde geslagsregister met foto's van baie van hulle nasate.

## SKEMA: Die kinders en kleinkinders van die takouers

**Ignatius Michael SNYMAN x Maria Aletta Magdalena BESTER**  
(7 kinders: g1 tot g7)

→ g1	<b>Maggie SNYMAN</b> * 1871 x Hermaans CRONJÉ	bl. 15
	(4 kinders: h1-h4)	
→ [h1]	<b>Abraham</b>	bl. 15
→ [h2]	<b>Maraai</b> (Blignaut)	bl. 17
→ [h3]	<b>Sannie</b> (Kritzinger)	bl. 19
→ [h4]	<b>Rita</b> (Hendriks)	bl. 25
→ g2	<b>Coenraad SNYMAN</b> * 1873 x Miny BOSHOFF (3 k) xx Bettie CRONJÉ	bl. 27
	(3 kinders: h1-h3)	
→ h1	<b>Naas</b>	bl. 27
→ h2	<b>Danie</b>	bl. 35
→ h3	<b>Anna</b>	bl. 41
→ g3	<b>Kittie SNYMAN</b> * 1876 Gert MARITZ	bl. 43
	(9 kinders: h1-h9)	
→ [h1]	<b>Marie</b> (Botha)	bl. 43
→ [h2]	<b>Annie</b> (Nel)	bl. 47
→ [h3]	<b>Gerty</b> (Dekker)	bl. 47
→ [h4]	<b>Gerrit</b>	bl. 47
→ [h5]	<b>Naas</b>	bl. 47
→ [h6]	<b>Steve</b>	bl. 49
→ [h7]	<b>Heilie</b>	bl. 51
→ [h8]	<b>Nellie</b> (Snyman)	bl. 51
→ [h9]	<b>Aenid</b> (Rawlins)	bl. 51
→ g4	<b>Maraai SNYMAN</b> * 1879 x Lewies MÜLLER	bl. 53
	(6 kinders: h1-h6)	
→ [h1]	<b>Josef</b>	bl. 53
→ [h2]	<b>Naas</b>	bl. 53
→ [h3]	<b>Maraaitjie</b> (Kapp)	bl. 57
→ [h4]	<b>Johanna</b> (Cronjé)	bl. 59
→ [h5]	<b>Louis</b>	bl. 61
→ [h6]	<b>Coen</b>	bl. 61
→ g5	<b>Nettie SNYMAN</b> * 1883 x Stoffel BUYS xx Johnnie KRITZINGER	bl. 65
	(geen kinders)	
→ g6	<b>Cecilia SNYMAN</b> * 1883 (klein dood)	bl. 65
→ g7	<b>Paul SNYMAN</b> * 1885 x Sienie KOCH	bl. 67
	(5 kinders: h1-h5)	
→ h1	<b>Naas</b>	bl. 67
→ h2	<b>Pieter</b>	bl. 71
→ h3	<b>Ans</b> (Mulder)	bl. 71
→ h4	<b>Bester</b>	bl. 73
→ h5	<b>Frans</b>	bl. 75



**Margaretha Susanna Snyman (Maggie)**  
*[Foto: Miem Döhne]*



**Hermanus Bernardus Cronjé (Hermaans) en Margaretha Susanna Snyman (Maggie) met hulle dogters van agter: Sannie, Maraai en Rita.** *[Foto: Miem Döhne]*



**Hermaans Cronjé en Maggie Snyman.**  
*[Foto: Rita Langenhoven]*



**Abraham Marthinus Cronjé (Abraham Fishaan) en Hilda (Goosen).**  
*[Foto: Rita Langenhoven]*

# Maggie Snyman (x Cronjé)

---

- g1 Margaretha Susanna SNYMAN \* Uitzicht, Weenen 5.4.1871 ≈ Weenen 2.7.1871  
† Mielietuinshoek, Wasbank-distrik 23.3.1937 x Winterton 30.11.1891 Hermanus Bernardus CRONJÉ (s.v. Abraham Marthinus Cronjé en Susanna Maria Pieters)  
\* Dwarsrivier, Wasbank-distrik 24.12.1862 ≈ Ermelokerk, Dundee 5.7.1863  
† Mielietuinshoek 19.5.1925 (4 k). Hermaans het die plaas Mielietuinshoek van sy pa geërf en was 'n vooruitstrewende boer wat later ook die plase Spitskop (Dwarsrivier Subdivisie B, Biggarsberg), Leopardsdale (Normandien) en Galway (Memel) besit het sodat elkeen van sy kinders 'n plaas kon erf toe hy oorlede is.
- [h1] Abraham Marthinus CRONJÉ (*Abraham Fishaan*) \* Dwarsrivier, distrik Wasbank 24.9.1893 ≈ Ladysmith 21.1.1894 (HFS) † Mielietuinshoek, Wasbank-distrik 3.3.1963 x Cedarville 6.7.1920 Josephine Hilda GOOSEN (*Hilda*) \* Griekwaland-Oos 2.8.1901 † Ladysmith 13.3.1975. Hy het die boerdery op Mielietuinshoek voortgesit.
- [i1] Aletta Cornelia CRONJÉ (*Lettie*) \* Wasbank-distrik 15.11.1921 x Len CRONJÉ (2 k) xx Benjamin SCHOERIE (*Ben*) (geen k). Len was nie van die Biggarsbergse Cronjés nie.
- [j1] Josephine Hilda CRONJÉ (*Josie*) \* 24.12.1942 x Harrismith, Gordon BELL (geen k) xx Van Reenen-kerkie, Leo BATCHELOR (geen k).
- [j2] Leon Johan CRONJÉ (*Leon*) \* 3.3.1946 x Durban, Barbara ANDOW (*Bobbi*) (geen k).
- [i2] Magritha Susanna CRONJÉ (*Maxie*) \* Welkom, Wasbank 1.1.1924 x Dundee 5.5.1945 Jan Thomas HENDERSON (*Tom*) \* Dundee 7.7.1919.
- [j1] Pierre Martin HENDERSON (*Pierre*) \* 23.1.1946 x Benoni, Persus SMALBERGER.
- [k1] Rozanne HENDERSON \* 8.5.1976.
- [k2] Pierre Thomas HENDERSON \* 24.1.1979.
- [j2] Jan Thomas HENDERSON (*Tommie*) \* Cullinan 8.9.1947 x Una SLABBER.
- [k1] Ruth HENDERSON.
- [i3] Hermanus Bernardus CRONJÉ (*Boet*) \* Mielietuinshoek 23.11.1927 x Dundee 8.10.1949 Maria Elizabeth Wilhelmina VERMAAK (*Ria*) \* Vermaaksraal 21.4.1927. Hulle het die boerdery op Mielietuinshoek voortgesit en Tactile Handcrafts, 'n firma wat pragtige handgeknoopte matte maak, vanaf die plaas bedryf.
- [j1] Abraham Marthinus CRONJÉ (*Braam*) \* Dundee 31.7.1950 x Pauppietersburg 25.3.1978 Yvette VAN WYK \* Durban 5.4.1953. Hy boer nou op Mielietuinshoek.
- [k1] Adri Magdeleen CRONJÉ (*Adri*) \* Ladysmith 2.9.1982.
- [k2] Hilda Maria CRONJÉ (*Hilda*) \* Ladysmith 3.9.1984.
- [j2] Pierre CRONJÉ (*Pierre*) \* Dundee 26.1.1951 x Bethal 7.8.1976 Andrea Jane McNAB (*Andrea*) \* Rutherford, Skotland 5.1.1957.
- [k1] Helen Jane CRONJÉ \* Ladysmith 27.7.1984.
- [k2] Jessica Ann CRONJÉ \* Ladysmith 4.7.1986.
- [j3] Maria Elizabeth Wilhelmina CRONJÉ (*Wizzie*) \* Dundee 10.1.1952 x Ladysmith 13.4.1975 Louis Johannes GROBLER (*Louis*) \* Durban 22.5.1950.



Agter: Sannie en Willie Kritzinger en twee onbekendes.  
Middel: Maggie Cronjé en haar ma, Oumagroot Snyman, en Hermaans Cronjé. Voor sit Abraham en Hilda Cronjé.  
[Foto: Herman Kritzinger]



Abraham Marthinus Cronjé  
(bekend as *Abraham Fishaan*)  
wie se ma 'n Snyman was.  
[Foto: Miem Döhne]



Danie Blignaut en Maraai (geb. Cronjé).  
[Foto: Miem Döhne]



Maggie, oom Danie, tant Maraai, Miem, Ina en Jan Blignaut. [Foto: Miem Döhne]



Oumagroot Snyman met die Blignaut-kinders, Jan, Maggie, Ina en Miem (regs agter). [Foto: Miem Döhne]



Ria (Vermaak) en Boet Cronjé,  
Abraham se seun. [Foto: Boet Cronjé]

- [k1] Maria Elizabeth Wilhelmina GROBLER \* Pietermaritzburg 22.4.1977.
- [k2] Katrien Alida GROBLER (*Katrien*) \* Ladysmith 21.7.1978.
- [k3] Barend Louis GROBLER \* Dundee 4.1.1980.
- [k4] Hermanus Benjamin Cronjé GROBLER \* Dundee 25.8.1982.
- [i4] Hilda Josephine CRONJÉ (*Hilda*) \* Dundee 28.6.1931 † Mielietuinshoek 13.11.1935.
- [i5] Abraham Marthinus CRONJÉ (*Martin*) \* Dundee 19.9.1939 † Pretoria 12.7.1969.
- [h2] Maria Aletta Magdalena CRONJÉ (*Maraai*) \* Ladysmith 23.12.1895 ≈ Ladysmith 19.1.1896 (HFS) † Dundee 27.8.1967 x Ladysmith 26.11.1918 (HFS) Daniël Jeremias BLIGNAUT (*Danie*) \* OVS 4.6.1885 † Glencoe 22.6.1955 (4 k). Hulle het aanvanklik op die plaas Leopardsdale in die Normandienpas geboer. Daarna het Danie vir die Stadsraad op Glencoe gewerk.
- [i1] Johannes Hendrik BLIGNAUT (*Jan*) \* Vrede 13.3.1921 † Johannesburg 9.3.1983 x Turffontein 3.11.1945 Elizabeth Magdalena SNYMAN (*Lena*) \* Turffontein 3.5.1921. Jan was 'n voormalige burgemeester van Westonaria.
- [j1] Martha Maria BLIGNAUT (*Marietjie*) \* Krugersdorp 13.5.1950 x Simon Johannes DU PLOOY (*Simon*).  
 [k1] Laretha DU PLOOY \* Standerton 15.9.1972.  
 [k2] Simon Johannes Blignaut DU PLOOY (*Johan*) \* Standerton 11.2.1983.
- [j2] Aletta Magdalena BLIGNAUT (*Alta*) \* Johannesburg 10.7.1952 x Pieter Johannes VAN DER WALT \* Krugersdorp 2.3.1952, predikant op Standerton.  
 [k1] Johannes Petrus VAN DER WALT (*Hannes*) \* Pretoria 22.6.1981.  
 [k2] Engela Magdalena VAN DER WALT (*Lana*) \* 2.2.1983.  
 [k3] Pieter Johannes VAN DER WALT ✡ (*Pieter*) \* 16.4.1986.  
 [k4] Johannes Hendrik VAN DER WALT ✡ (*Jannie*) \* 16.4.1986.
- [j3] Engela Magdalena BLIGNAUT (*Daleen*) \* Krugersdorp 6.2.1956 x Westonaria 6.3.1976 Ken GUDMANZ.  
 [k1] Ulrich Ruhan GUDMANZ \* Heidelberg 29.11.1978.  
 [k2] Mari-leana GUDMANZ \* Dundee 6.5.1982.  
 [k3] Marleen GUDMANZ \* Dundee 21.4.1983.
- [i2] Magrietha Susanna BLIGNAUT (*Maggie*) \* Vrede 11.11.1922 x Newcastle 6.6.1945 Albert Hubertus KORTHALS (*Albert*) \* Pretoria 16.8.1915 † Johannesburg 3.9.1981.  
 [j1] Aletta Magdalena KORTHALS (*Alma*) \* Vereeniging 17.1.1951 x Glenanda 10.2.1984 Joe BLOOM.  
 [k1] Sue-Anne BLOOM \* Johannesburg 22.8.1985.
- [i3] Maria Elizabeth BLIGNAUT (*Miem*) \* Ladysmith 18.10.1928 x Glencoe 4.4.1954 John George DÖHNE (*Mannett*) \* Helpmekaar, Dundee 2.1.1927 † Glencoe 31.12.1974 (geen k).
- [i4] Hermina Berendina BLIGNAUT (*Ina*) \* Newcastle 8.6.1935 x Glencoe 7.3.1964 Rinaldo Virginia GUELPA (*Rinaldo*) \* 19.7.1940. Rinaldo was 'n sakeman op Glencoe.  
 [j1] Maria Aletta GUELPA (*Maria*) \* Dundee 24.7.1965.  
 [j2] Johanna Sarah GUELPA (*Johanna*) \* Dundee 7.1.1967.  
 [j3] Hermina Berendina GUELPA (*Hermina*) \* Dundee 6.7.1968.  
 [j4] Rinaldo Virginia GUELPA (*Rinaldo*) \* Dundee 24.9.1969.



**Heel links agter is oom Danie Blignaut en sy seun Jannie (agter hom) en tant Meraai. Tussen oom Jannie se bene is Miem. Oumagroot Snyman dra die hoed, dan ouma Maggie Cronjé, dan oom Abraham Fishaan en tannie Hilda met klein Hildatjie. Agter staan tant Sannie en oom Willie Kritzinger. In die voorste ry sit Maggie en Lettie wat klein Rita Kritzinger probeer regop hou, dan tant Rita Hendriks en Boet en sy suster Maxie Cronjé, en Herman en Willem Kritzinger (ca. 1934).**

[Foto: Herman Kritzinger]



**Oom Willie en tant Sannie Kritzinger**

[Foto: Rita Langenhoven]



**Oom Willie en tant Sannie Kritzinger by hulle kinders Rita (links agter), Anita en Thys**

[Foto: Rita Langenhoven]

- [h3] Susanna Maria CRONJÉ (*Sannie*) \* Mielietuinshoek, Wasbank 19.5.1898  
 † Newcastle 8.8.1973 x Ladysmith 17.7.1923 Willem Hendrik KRITZINGER (*Willie*)  
 \* Vrede 6.7.1891 † Pretoria 7.9.1975, beide Ω Newcastle (5 k). Hulle het op  
 Spitskop en later op Sanddrif in die Biggarsbergstreek geboer.
- [i1] Willem Hendrik KRITZINGER (*Willem*) \* Vrede 5.7.1926 † Pretoria  
 1.9.2013 x Pietermaritzburg 10.12.1949 Martha Maria PRETORIUS (*Martie*)  
 \* Steynsrust 5.3.1927. Willem het vir die Vervoerdienste gewerk op Ladysmith  
 en Pretoria.
- [j1] Beatrix Johanna KRITZINGER (*Linda*) \* Pietermaritzburg 4.10.1950  
 x Ladysmith 1970 Johannes Wilhelmus MOORE (*Hannes*) \* Ladysmith  
 6.9.1947. Hannes en Frans (vgl. g3 hieronder) is broers.
- [k1] Martha Maria MOORE (*Martie*) \* Ladysmith 1.2.1971 x Pretoria  
 1992 Theodore Johannes MOOLMAN (*Theodore*) \* Pretoria  
 3.2.1972 ÷ Maart 1997 (2 s) xx Pretoria 7.11.1997 Casper Jan  
 Hendrik ERASMUS \* Delareyville 25.9.1970 (2 d).
- [l1] Louis Johannes MOOLMAN (*Lohan*) \* Pretoria 21.9.1992  
 x Mooikrans, Pretoria 5.1.2019 Charlize BREDELL  
 \* Pretoria 8.12.1991.
- [l2] Johannes Wilhelmus MOOLMAN (*Wihan*) \* Pretoria  
 30.10.1995 x Merops, Pretoria 30.5.2020 Yolandi STOLTZ  
 \* Pretoria 25.4.1996.
- [m1] Wilandi MOOLMAN \* Pretoria 11.6.2018.
- [l3] Casmari ERASMUS \* Pretoria 16.7.2001.
- [l4] Marisca ERASMUS \* Pretoria 8.2.2004.
- [k2] Anna Jacomina Carolina MOORE (*Annalien*) \* Ladysmith  
 26.10.1972 x Pretoria 13.12.1997 Edward Arthur TURNER  
 (*Eddie*) (Dr) \* Oshakati, Namibië 19.9.1968.
- [l1] Edward Arthur TURNER \* Durbanville 10.5.2002.
- [l2] Beatrix Johanna TURNER (*Beatri*) \* Durbanville 7.4.2004.
- [l3] Migael Benjamin TURNER \* Durbanville 5.1.2007.
- [l4] Annika Carli TURNER \* Durbanville 13.6.2008.
- [k3] Beatrix Johanna MOORE (*Janie*) \* Pretoria 11.1.1981 x Pretoria  
 10.3.2006 André Izak DU PLESSIS \* Pretoria 24.5.1976.
- [l1] Anja Genevieve DU PLESSIS \* George 29.8.2011.
